e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

10 April 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 10

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Sterwensbegeleiding of groei

Die NG Kerk (Vrystaat) het van 24 tot 26 Maart vanjaar 'n Kleingemeentekonferensie by Gariepdam aangebied. Daar was ongeveer 122 mense teenwoordig, waarvan 24 Hervormers was (18 dominees, 5 lidmate en die administrateur).

Die bywoning van die konferensie het my laat raaksien dat ons nie alleen is met ons probleme nie, dat daar nie kitsresepte is nie, maar dat daar wel oplossings is. Die probleme is dat daar te min geld is en te min hande om alles te doen wat gedoen moet word en gedoen wil word. Gemeentes wat net werk vir finansiële oorlewing en om by te hou en te behou wat hulle het, is besig met gemeentelike sterwensbegeleiding. Kerkwees is om uit te gaan, grense oor te steek – dit is die kerk se roeping en dit bring nuwe lewe.

Klein gemeentes, eintlik alle gemeentes, moet onthou ons is gemeente vir die Here. Ons is hier ter wille van die wêreld, nie vir onsself nie. Die kerk bestaan vir hulle wat nié sy lede is nie. Selfgesentreerdheid verhinder die werk van God.

Ons moet ook onthou ons lewe in 'n nuwe wêreld. Dit is so maklik om as 'n gevangene van die verlede te lewe, met vrees vir die toekoms. Baie probleme word opgelos deur te bid en te luister, maar 'n mens kan nie luister as jy al die antwoorde het nie. Luister na die Woord en die Gees. Lidmate moet saam luister, luister na die nuwe konteks waarin ons is. Luister na lidmate, hulle is soms al verder op hierdie pad as die dominees.

Luister saam na God en terwyl julle luister, gehoorsaam God. Doen wat Hy sê, al is dit anders, al is dit onseker, al is dit ongerieflik. Gehoorsaam – stap net eers die eerste tree. Abraham sou niks beteken het as hy nie gehoorsaam begin loop het nie. Paulus moes gehoorsaam. Fokus op God se opdrag en eers dan sal groei plaasvind. Groei moet ook nie altyd gemeet word aan getalle en aan geld nie, maar aan groei in geloof en gehoorsaamheid, en groei in diens.

'n Klein gemeente moet nie moedeloos word omdat hulle nie kan doen wat 'n groot gemeente kan doen nie. Klein kan 'n bate wees. In 'n klein gemeente ken almal mekaar en ondersteun mekaar. Paulus moes hoor, wanneer jy swak is, is jy sterk. Moenie te veel fokus op wat jy nié het nie, kyk wat jy van God gekry het. Daar is baiekeer gawes in 'n gemeente wat ons nalaat om te gebruik. Vertrou God. 'n Klein gemeente moet bepaal wat hy in die gemeenskap goed doen en dit dan nog beter doen; so sal die gemeente nog meer kan doen en aantreklik wees vir ander. Klein gemeentes loop soms die gevaar om, van buite beskou, gesien te word as geslote. Gemeentes moet doelbewus daaraan werk om daardie beeld te verander deur meer te beteken in die gemeenskap.

Lidmate moet ontdek dat hulleself nie die gemeente se werkplek is nie, hulle is die werkers. Lidmate moenie babatjies in die geloof bly nie, maar volwasse word. Gelowiges wil dienswerk lewer, en hulle kan, hulle moet net toegerus en 'n bietjie begelei word. Toerusting van leiers is baie belangrik. Gee meer verantwoordelikheid aan lidmate. Waag 'n bietjie, oorkom die vrese en steek jou veilige grense oor.

Sluit vennootskappe om saam met ander dinge te doen; die gemeente sal nie sy identiteit daardeur verloor nie, maar dit juis vestig. Dink ook aan moontlikhede soos tentmakerbediening en kontrakposte, gebruik die diversiteit in die gemeente en benut lidmate beter.

Laat altyd die klem val op liefde vir God en liefde vir God se mense.

Ds Thomas Joubert, Swellendam

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Nico Brayshaw

Beroep ontvang

- **Ds NCJ (Nico) Brayshaw** (emeritus) na Heilbron (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Ds NCJ (Nico) Brayshaw** (emeritus) na Heilbron (deeltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Lesers en adverteerders moet asseblief kennis neem dat daar nie die week van 28 April tot 2 Mei 'n *e-Hervormer* sal verskyn nie.

- **Professor Theo en mevrou Tienie Koekemoer se seun Gerhard** is Saterdagoggend 5 April oorlede. Gerhard was met sy afsterwe woonagtig in Midrand waar hy as stads- en streeksbeplanner gewerk het toe sy gesondheid nog na wense was. Hy was destyds onder meer gemoeid met die ontwikkeling van Midrand, na aanleiding van sy skripsie oor die gebied. Die roudiens vind Saterdag 12 April om 10:00 vanuit Gemeente Oos-Moot plaas. Dit is die vierde seun/broer wat die gesin aan die dood afstaan. Ons innige simpatie gaan aan prof en mev Koekemoer, die sussies Rika (Steenkamp) en Ezelle (du Plooy), en ander familie.

- Emerituspredikant **ds Wilhelm Steyn se broer, Theunie,** is op Sondag 6 April in die ouderdom van 81 jaar oorlede. Hy was ook die skoonvader van dr Wimpie van Schoor. Ons innige simpatie gaan aan ds Steyn en die res van hul familie.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Toon respek aan ouer persone. Gee hulle ook geleentheid om aan gesprekke deel te neem en luister na wat hulle sê. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.



Ds Nico en mev Henriëtta Brayshaw

- **Ds Nico Brayshaw** vier op 13 April sy 50-jaar-ampsjubileum as predikant. Die geleentheid word gehou in die gebou van die plaaslike gemeente in Heilbron. Dr Daan van Wyk (sr) sal namens die Kerk en ds Brayshaw se kollegas gelukwense oordra.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **heilige week, Wit Donderdag en Stil Saterdag**. "Volgende week (14-20 April) staan bekend as die *heilige week* – die heel belangrikste week van die Christelike kalender. Goeie Vrydag en Paassondag is aan almal goed bekend. Ek bring graag twee minder bekende feesdae onder u aandag. Die Donderdag vóór Goeie Vrydag staan bekend as *Wit Donderdag* (in die Nederlandse tradisie). Dit is die dag/aand van die instelling van die Nagmaal (Mark 14: 22-25). Tydens 'n gemeentelike byeenkoms in die oggend of middag kan daar singend, lesend en biddend aan hierdie gebeure aandag gegee word. Die Saterdag ná Goeie Vrydag staan bekend as *Stil Saterdag*. Op hierdie dag word daar – in stilte – gedink aan die feit dat Christus begrawe is en neergedaal het na die hel. Aangesien gemeentelede nie maklik op hierdie dag byeengebring sal kan word nie, moet lidmate aan hierdie aspekte van ons belydenis in hul stiltetyd aandag gee."

- Die **nuwe graad 10-kategesehandleidings** met die titel *My geloofspad na belydenis* is by die drukker en sal dus binne dae in boekvorm beskikbaar wees. Gedurende Januarie vanjaar is die eerste ses lesse van albei boeke (dié vir die katkisant en dié vir die kategeet) in pdf-formaat aan gemeentes gestuur, terwyl die manuskripte vir die drukkers gereed gemaak is. Bestellings wat reeds ontvang is, sal onmiddellik na ontvangs afgehandel word. Navrae oor die boeke kan gerig word aan mev Susann van Zyl van SENTIK se boekwinkel, by 012 322 8885 x291; faks 086 633 4054; e-pos **sentik@nhk.co.za**.

armoede werkgroep armoede

- **ADV SE JAAR VIR ARMOEDE**. Iemand wat tweedehandse motorbande het, kan mense help om aartappels te plant – een saadjie in 'n band. Sodra die plantjie bo die grond uitrank, word nog 'n band met grond bygevoeg. By elke motorband word aartappels gevorm. 'n Klompie mense in 'n straat kan ook elk 'n klein organiese tuin met net een soort groente plant (die saad kan deur iemand geskenk word, en iemand kan die kompos vervaardig). Die tuiniers kom dan weekliks bymekaar om groente uit te ruil en gedagtes te wissel oor maniere om groente te verkoop om ander voedselsoorte aan te koop. Die groente kan ook by die voedselbank geruil word vir ander voedsel. Kontak ds Martin Jansen van Rensburg van die Werkgroep vir Armoede by **mvr2@telkomsa.net** indien jy op enige manier betrokke wil raak.

- **NOODKREET VIR RUSTENBURG.** Weens die stakings in Rustenburg het die mynhuise verskeie stappe geneem, soos om kontrakteursdienste op te skort, leweransiers nie te betaal nie, oortyd op te hef, en personeel op verpligte verlof te plaas. Dit het vanselfsprekend ook 'n uitwerking op die plaaslike gemeentes, wat onder andere nie meer kan bydra tot die werk van die **Ondersteuningsraad** nie. Die OSR se gevallelading het verdubbel sedert die begin van die jaar. Hulle help reeds 15 gesinne uit die fondse tot hul beskikking, en die ander gesinne moet elders geholpe raak. Ons verstrek hier die **OSR Rustenburg** se bankbesonderhede vir lesers wat 'n bydrae wil maak om die gesinne en veral die kinders in nood by te staan: ABSA Rustenburg; rekeningnommer 122 060 1079; rekeninghouer Ondersteuningsraad Admin Rek. Navrae kan gerig word aan Adri Herbst by **a3herbst55@gmail.com** of **oraadrustenburg@gmail.com**; tel 014 579 2972. Indien gemeentes, RDV's, lidmate, ensovoorts, op ander wyses wil help, kan hulle Leandri Pretorius kontak by **leandripretorius@vodamail.co.za**. Kyk by die volgende skakels vir meer inligting oor die Rustenburg-stakings:
http://maroelamedia.co.za/blog/nuus/suid-afrika/amcu-staking-stakers-hou-inwoners-gyselaar/ en
http://maroelamedia.co.za/blog/nuus/suid-afrika/amcu-staking-rustenburg-besighede-sluit-voedingskemas-in-skole-begin/

Spesiale eredienste en feesnaweke

- Op **Sondag 13 April** om 11:00 word die nuwe kerkgebou van **Gemeente Van der Hoff** in Groblersdal ingewy. Oudlidmate van die gemeente is welkom om die geleentheid by te woon. Rig navrae aan ds Johan du Preez by 072 461 0993.

- **Eredienste in Durban-Suid.** Gedurende die vakansie en oor al die langnaweke is daar eredienste in Durban-Suid om 08:30. Op Goeie Vrydag is die erediens en Nagmaal ook om 08:30 in die kerkgebou by Beaconweg 137, Bluff. Navrae kan gerig word aan prof Bieks Beukes by **beukesm@telkomsa.net** of 072 036 4960.

'n Gedig vir Palmsondag

Die donkie

Een dag gooi mense
hulle klere vir my oop
en waai my koel
met palmtakke
een dag klap mense
vir my hande
en roep hoera
ek loop so ligweg
want my las voel ek
nie eers nie altyd
wou ek so 'n ruiter hê
wat met hande opgelig
beduie van 'n koninkryk
wat nou kom

Donald Riekert
(Uit: *Heuning uit die swarthaak*, 1986)

*** Palmsondag is die sesde Sondag van die Lydenstyd, en vanjaar op 13 April.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 18 April, en word hartlik geluk gewens.**

o Vrydag 11 April:	Ds G van R (Gys) Els (Brackenhurst)
o Saterdag 12 April:	Ds JP (Paul) Janse van Rensburg (Primrose)
o Sondag 13 April:	Prof AJ (Alex) Antonites (emeritus), di TJ (Theuns) Botha (emeritus), CB (Nardus) Enslin (Rustenburg-Kloof) en GPJ (Gerrie) Grobler (emeritus)
o Maandag 14 April:	Di JZ (Hans) Britz (Kurumankombinasie), R (Rue) Hopley (Rustenburg-Tuine), PJ (Pierre) Jacobs jr (beroepafwagtend) en JP (James) Jooste (Groeneweide)
o Dinsdag 15 April:	Dr JA (Hannes) Beukes (Bethal) en ds WH (Wessel) Swart (emeritus)
o Woensdag 16 April:	Ds GPJ (Gerhard) Stoltz (ADV – sinodaal)
o Vrydag 18 April:	Ds JR (Jan) Kramer (Elsburg)

Beplande vergaderings

o Donderdag 10 April:	ADV Dagbestuur Komitee vir Bybelverspreiding (by Bybelhuis in Kempton Park)
o Vrydag 11 April:	Kommissie van die AKV
o Saterdag 12 April:	Moderamen NHSV Dagbestuur
o Woensdag 16 April:	Komitee vir Herskrywing van Kerkorde

Allegaartjie

As jy nie van iets hou nie, verander dit. As jy dit nie kan verander nie, verander jou gesindheid. (Maya Angelou)

Kursusse en toerusting

- **HTK: Gesprek met die Bybel**
  Woensdagaand 16 April om 19:00
  Van Selms-leeskamer, Fakulteit Teologie, UP
  Alle belangstellendes welkom
  Tema: *Het die kerk historiese-Jesus-navorsing nodig?*
  Tema is deur die deelnemers aan die vorige gesprek versoek
  Volledige gesprek sal agterna op DVD beskikbaar wees
  Onthou: Dit is 'n *gesprek*, nie 'n *vergadering van die ampte* wat kerklike besluite neem nie!

- Die **eerste VTT van 2014** vind op **Dinsdag 10 Junie** plaas met die tema *Kerkwees in die tyd wat aangebreek het*. Meer besonderhede oor die plek en program sal mettertyd bekendgemaak word.

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Konserte en feeste

- **Saterdag 12 April: Gemeente Horison Roodepoort**
  Osbraai-en-sang-geleentheid
  Etes vanaf 16:00 te koop
  Sit daarna in *Barnyard*-styl in die saal aan
  Luister na opkomende kunstenaar Esti Potgieter
  Kaartjies R100 (sluit ete en toegang tot sanggeleentheid in)
  Navrae aan dr Gerhard Nel by 082 823 5074 / **gnel@nhk.co.za**

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2014: 16-18 Mei**
  Vir dames van alle gemeentes
  By Paradeisos-kampterrein, naby Kameeldrift, ongeveer 30 km buite Pretoria
  Tema: *Wat is nuus?*
  Temavers: Jesaja 25: 7a (NLV):
  Hoe mooi klink die voetstappe op die berge van hulle wat goeie nuus bring...
  Sprekers: Di Janine Bevolo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
  Kampgelde R550 per persoon
  Navrae aan Jana Peenze by 083 734 5426 / **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 / **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943

Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm

- **Kom toer saam deur Israel**
  Toerleier: Ds Fanie Beukes (NHKA Wesmoot)
  Datum: 23 November tot 1 Desember
  Navrae aan ds Fanie by 073 167 1183 / **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 3 Mei vanaf 08:30: Gemeente Trichardtsfontein**
  Race of grace
  70, 35, 10 km en kinderwedren
  Daginskrywings by kerk: 2 Mei 16:00-18:00, 3 Mei 06:30-08:00
  Aanlyninskrywings: **www.cycleevents.co.za**
  Navrae aan **raceofgrace2013@gmail.com**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Hartebeeshoek: Pretdraf/stap by Fonteine**
  Saterdag 12 April (hekke open om 06:00, stap/draf begin stiptelik om 07:00)
  5 km en 10 km
  Inskrywings: 5 km = R30; 10 km = R40
  Te koop: vetkoek-en-maalvleis, pannekoek, koffie, tee, koeldrank
  Kontantpryse en kleiner trekkings
  Navrae: Elma Williams 082 562 5244 / Brian Williams 082 417 4482
  Hierdie is ’n *winterwarmerprojek*: Bring asseblief ’n kombers saam sodat ons ’n persoon wat minderbevoorreg is, kan help

- **Gemeente Naboomspruit: Naboom Fiesta 19 April**
  Ons is op soek na die Bosveld se beste storieverteller
  As jy ’n mooi storie het om te vertel, kontak die organiseerders
  Groot pryse te wen
  Kontak Jan Claassen by **two.oceans@yahoo.com** / 084 400 5137
  of Rene van Tonder by **fiesta@nhknaboomspruit.co.za**

Basaars en markte

- **Saterdag 3 Mei vanaf 10:00: Gemeente Greylingstad: Vleisbasaar**
  Op die kerkterrein in Bothastraat
  50 km vanaf Heidelberg op ou Durbanpad
  Vleissnitte, maalvleis, wors, biltong en droë wors
  Bees, lam en hoenders, en al die gewone basaarstalletjies
  Skenkings ook baie welkom!
  Ons probeer om weer ’n rooibok te kry om op te veil
  Ons gemeente is klein met 50 lidmate, 4 ouderlinge en 4 diakens
  Navrae aan ds Fanie Naudé by 083 391 3151 / **naude.fanie@gmail.com**

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad van Kempton Park** benodig dringend ’n **groot vrieskas** om voorraad vir die sopkombuisprojek te berg. Indien enigiemand oor ’n vrieskas beskik of ’n bydrae daarvoor wil maak, kontak asseblief vir Karen du Buisson by 071 684 7855, of skakel die kantoor by 011 391 2833 gedurende kantoorure.

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dankie vir die mooi werk wat julle doen."

Jan Hoogstad, Middelburg

AGTERBLAD

Gebed vir die week

O Lam van God, wat die sonde van die wêreld weggevat het,
kyk tog neer op ons en wees ons genadig.
U wat sowel Slagoffer as Priester is,
sowel Losprys as Verlosser,
beskerm dié wat U verlos van alle boosheid,
o Verlosser van die wêreld.
(Irenaeus, 130-202)

Uit: *Prayers through the centuries* –
Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx